



Gespreksforum vir homiletiek

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

In die grendeltye van die Covid-19-pandemie, toe kontak en byeenkomste beperk of verhoed was, en ons as kerk opnuut moes nadink oor ons rol, invloed en fokus, het daar in baie mense se harte 'n skuif in terme van eredienste plaasgevind.

Die erediens was nog altyd belangrik, maar toe dit byna die enigste manier geword het hoe ons mense in uiters swaar tye kon bereik en kon aanraak, het dit opnuut 'n fokus en 'n punt van erns en gesprek geword. Meer as ooit vantevore was daar kursusse en artikels en hulpbronne beskikbaar oor wat 'n mens vir lidmate in hierdie omstandighede moet sê, hoe jy relevant en kontekstueel kan wees, hoe jy jou preek en liturgie nou anders moet inrig.

Maar die denkskuiwe in terme van eredienste het nie net onder predikante gebeur nie; dis ook iets wat in die breër samelewing plaasgevind het. Ongelukkig dikwels op 'n minder positiewe manier – baie gemeentes oral in die wêreld sukkel steeds dat hul erediensbywoning terugkeer na wat dit voor Covid-19 was. Volgens navorsing is 'n belangrike beweegrede daaragter die groot verskeidenheid eredienste wat in die gerief van mense se huise op die internet beskikbaar is – hulle kan kies waarvan hulle hou en daarna kyk of luister. Verder bevind die Gallup-instituut se navorsing dat, in die kultuur waarin ons leef, 76% van mense 'n kerk kies op grond van die inhoud en die kwaliteit van die preke en eredienste.

Mense is op soek na relevante, konteksgebonde, outentieke preke wat tred hou met 'n veranderende wêreld en mensdom, sonder dat dit te wêrelds is. 'n Insig uit die NHKA is dat, alhoewel ons ekklesiologie oor die afgelope jare geskuif het, ons prediking nie noodwendig tred gehou het met die nuwe insigte nie, asook dat daar soms 'n geyske, vormvaste preekstyl in die NHKA bestaan.

Dit gesê, voel dit alles waarskynlik oorweldigend en selfs vreesaanjaend vir die meeste predikante. Maar eintlik bring dit ons voor die wonderlike geleentheid en avontuur om hande te vat en opnuut entoesiasies te gaan nadink oor ons preke, die liturgie en die erediensbelewenis in geheel.

Dit is vir hierdie doel dat die gespreksforum vir homiletiek tot stand gekom het. Die gespreksgroep ontmoet kwartaalliks en bestaan tans uit enkele predikante wat saam lees en gesels oor homiletiek (die studie oor prediking en die skryf van preke), skuiwe in die homiletiese wêreld, en hoe ons te midde van 'n veranderende wêreld en -kultuur, in ons prediking relevant en betekenisvol kan bly.

Die gespreksgroep ressorteer onder die Hervormde Teologiese Kollege (HTK), daarom sal daar via die HTK selfs meer geleenthede geskep word om ons huidige studente hieroor toe te rus en bloot te stel aan 'n verskeidenheid van insigte en preekstyle. Vanuit hierdie gespreksgroep gaan daar ook opleidingsgeleenthede geskep word wat bestaande predikante blootstel aan ontwikkelings op die terrein van homiletiek.

Die beplanning is dat daar in Mei so 'n opleidingsgeleentheid gaan wees wat deelnemers 'n *voëlvlug oor homiletiek* sal gee. Toekomstige geleenthede gaan onder andere handel oor verskillende preekstyle, aanbiedings deur kenners in die veld, en so meer. Die opleidingsgeleentede sal oop wees vir almal – predikante, kerksaatslede en lidmate – en meer inligting sal nader aan die geleentede gekommunikeer word. Die droom is dat hierdie forum en opleidingsgeleentede 'n positiewe groeikultuur sal skep wat die prediking in die NHKA betref.

Ons nooi graag ook enige predikant wat graag wil deel uitmaak van die gespreksforum om dr Hein Delpport te kontak, by hmdelpport@telkomsa.net. Hy is in opdrag van die HTK die sameroeper van die groep.

Lief en leed

- Ds HP (Herman) Meyer van Gemeente Carletonville se vrou, **Jessica Meyer** (39), is Dinsdag 7 Februarie aan kolonkanker oorlede. Hulle het twee kinders, van 14 en 12. Daar is nog nie begrafnisreëlings getref nie. Ons innige simpatie gaan aan die gesin en die gemeente. Mev Meyer was ook die sekretariële beampte, skriba vir registrasie en NHSV voorsitter van die gemeente. Ons het **hierdie mooi foto van 2015** opgespoor; dit is destyds gebruik in *Konteks*, in die ringsbylaag oor Lydenburg. Die dogters is Benoré en Hanica.

- Ons het verneem dat **ds AW (Andreas) Kleynhans** (55) van die Presbiteriaanse Kerk in Linden, Johannesburg, die afgelope naweek oorlede is na sy stryd met kanker. Ds Kleynhans was vroeër predikant in die NHKA, nadat hy op 20 Maart 1994 georden is. Hy het gedien in gemeentes Messina (deelsorg) met opdrag Zimbabwe 1994, Bulawayo/Masvingo/Chipinga (deelsorg) 1995, en Melville 1999. Hy is in 2005 onthef. Ons innige simpatie gaan aan sy naasbestaandes.



Ds Herman Meyer en gesin

- Ons innige simpatie gaan aan Emmah Mokgoko van die Sinodale Dienssentrum met die afsterwe van haar seun, **Tabang Mokgoko** (32), op 25 Desember 2022 aan natuurlike oorsake.

- Oudl MP (Petro) van Niekerk, ouderlinglid van die Kommissie van die AKV, se man, **Louis van Niekerk**, is weer in die hospitaal opgeneem weens infeksie na 'n onlangse operasie. Ons bid hom spoedige beterskap toe, en baie sterkte aan hul albei.



Ds Andreas Kleynhans

- Baie geluk aan **Peter Kola** van die Sinodale Dienssentrum, wat op 31 Desember 2022 in die huwelik bevestig is met **Neva**.

- Die aand van 31 Januarie 2023 in die middel van 'n vier uur lange beurtkragssessie neem die booswigte hul kans waar om toe te slaan op 'n kerkgebou wat al 106 jaar oud is. Hulle het die kerkgebou van **Gemeente Eendracht** behoorlik geplunder, met loodglasruite wat uitgeslaan is en 'n gat deur die muur langs die kluis se deur. Hulle het kerkbanke uit die vloer losgeruk om te gebruik as lere om by die projektors en luidsprekers uit te kom. Die saal het ook deurgeloop, en die kombuis het die slegste daarvan afgekom. 'n Yskas (netjies uitgepak) en die vrieskas is weg saam met heelwat ander elektroniese toestelle. Elke liewe kategeselokaal het nou 'n ruit minder. **Ds Markus Pretorius** sê: *Op 5 Februarie hou ons erediens in die skoolsaal van Laerskool Leandra. Ons is dankbaar vir hul goedgesindheid teenoor ons sodat ons steeds met ons bediening kon voortgaan.*

- **Die volgende predikante verjaar tot 17 Februarie, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 9 Februarie: Di D (Dolf) Bester (34) (Boksburg), IF (Erika) Ferreira (32) (buiteland), LH (Lydia) Miller (51) (Villiers), F (Ferdie) Nortjé (60) (siekte-emeritaat) en F (Freddie) Nortjé (60) (emeritus/Bergsig)
- Vrydag 10 Februarie: Di D (Dalene) Lourens (51) (Selcourt/Springs-Noord) en IJ (Jaco) Vogel (43) (Rooihuiskraal)
- Saterdag 11 Februarie: Ds MS (Marius) Jansen van Vuren (66) (emeritus)
- Sondag 12 Februarie: Ds PB (Pieter) Viljoen (64) (Alberton)
- Dinsdag 14 Februarie: Prof PM (Pieter) Venter (76) (emeritus) en ds CP (Larry) van der Walt (40) (Oos-Londen)
- Woensdag 15 Februarie: Ds M (Maritza) Oosthuizen (40) (beroepafwagting)
- Vrydag 17 Februarie: Dr A (Antionette) Janse van Rensburg (35) (Montana) en ds DJ (Danie) Struwig (70) (emeritus)

Gemeentes en bediening

- **Mnr Gerhard Pieters** is in Januarie vanjaar as inligtingsbeampte by die Sinodale Dienssentrum aangestel. Hy het sy graad in BIS (Information Science) aan die Universiteit



Gerhard Pieters

van Pretoria voltooi en is ook tans besig met sy honneursgraad in BIS (Information Science). Sy pligte behels onder meer die bewaring van alle elektroniese inligting en databasisse, en die verskaffing van tersaaklike inligting aan gebruikers. Die inligtingsbeampte moet verseker dat die NHKA voldoen aan statutêre wetgewing in terme van inligtingswette, POPIA en PAIA. Hy is ook daarvoor verantwoordelik om inligtingsbewaringstelsels en -praktyke te ontwikkel en te implementeer ter ondersteuning van inligtingsbeskikbaarheid en navorsing op die lang termyn. Die DBText-databasis word deur hom in stand gehou ter wille van effektiewe stelselbestuur en dienslewering. Kontak Gerhard Pieters by data@nhk.co.za.



Ds Janine Fourie

- **Ds JW (Janine) Fourie** (voorheen beroepafwagting) het die beroep na Pretoria/Wonderboom-Suid (deelyds) aanvaar en is op 5 Februarie daar bevestig. (Foto geneem deur dr Robert Erasmus.)

- **Dr A (Antionette) Janse van Rensburg** van Gemeente Montana word Sondag 12 Februarie om 08:30 opnuut in haar gemeente bevestig. Sy is sedert 2014 by Montana (benoeming), en was sedert 2016 ook Kapelaan in die SA Weermag. Sy het onlangs uit laasgenoemde pos bedank, en is nou beroep na 'n deelydse werkruimte by Montana.

- **Ds BJ (Barnie) van der Walt** (65 op 25 Maart 2023) van Namib-Suid aanvaar op 31 Maart 2023 emeritaat.

- **Ds TF (Thomas) Joubert** (65 op 4 Junie 2023) van Swellendam aanvaar op 30 Junie 2023 emeritaat.


- **Ds M (Marius) Bacon** (emeritus/Rust der Winter) het nie meer toegang tot sy vorige e-posadres baconm@telkomsa.net nie, aangesien dit gekoppel is aan sy vorige gemeente (Warmbad). Sy huidige e-posadres is marius.bacon@gmail.com.



Dr Antionette Janse van Rensburg



Ds Barnie van der Walt



Is jy,
of iemand wat jy ken
deel van die
Semi-grasie?

**Ons wil jou graag
verwelkom en
help tuis voel
in die KAAP**

Kontak ds Leanie Lemmer van NHK Bellville by
hervormersindiekaap@gmail.com



Ds Thomas Joubert

- **Kerkspieël 2022-'23** is weer eens, soos in die verlede, 'n geleentheid om met 'n wetenskaplike ondersoek 'n geheelbeeld van die Kerk te kry en die hartklop van die gemeente te hoor. Die gemeente-opname doen navraag oor 'n wye verskeidenheid aspekte van die gemeentelike bediening, asook die demografie en funksionering van die gemeente. Dit help ons om te verstaan waarmee ons besig is en behoort te wees. Die resultate bied 'n beeld van die Hervormde Kerk en is nuttig vir sinodale leierskap om doelgerigte beplanning te doen met die oog op dinamiese en volhoubare bediening in die Kerk. Dit is daarom vir die Hervormde Kerk baie belangrik dat elke gemeente hierdie opname sal doen. Die vraelys is reeds 'n geruime tyd gelede aan gemeentes gestuur met die versoek dat predikante en skribas verantwoordelikheid sal neem om dit aanlyn te voltooi. Tot op datum het minder gemeentes as wat werklik nodig sou wees om sinvolle en bruikbare resultate te verkry, egter hul voltooide opnames teruggestuur. Ons vertrou dat die ander gemeentes ook aan hierdie versoek sal voldoen om **teen 10 Februarie 2023** die vraelys aanlyn te voltooi. Kontak ds Frikkie van Wyk (gfvanwyk@nhk.co.za) of Karen Breedt (karen@nhk.co.za) indien u enige navrae het.

- **Gemeente Losberg** is in Mei 1925 gestig. Oor twee jaar is die gemeente 100 jaar oud. Al die predikante wat nog met ons is, asook gemeentede wat sedert 1925 by die gemeente betrokke was, word vriendelik versoek om enige inligting, foto's, staaltjies en gebeure waaroor hulle beskik, te stuur aan Frikkie Boshoff per e-pos (frikkiesan@gmail.com). Baie dankie by voorbaat!
- **Gemeente Horison Roodepoort** benodig van die **letters en syfers** wat vroeër op borde in kerkgeboue gebruik is om die erediens se liturgie aan te kondig. Die gemeente gebruik dit nog, maar soms is dié wat hulle nodig het, nie in hul versameling nie. Kontak Petro Matthews by williepetromatthews@gmail.com indien u kan help.

Vergaderings

- Donderdag 9 Februarie: Redaksie van *Die Hervormer*
- Vrydag 10 Februarie: Moderamen
- Donderdag 16 Februarie: Rata Finkom en Begroting
Redaksie van die *Almanak*

Kerklike publikasies

- In die **Januarie/Februarie 2023-uitgawe van *Die Hervormer*** skryf **ds Leon Geel (sr)** dat niemand van ons weet hoeveel dae van 2023 ons gaan beleef nie. Ons tyd is nie in ons eie hande nie. God is die Beskikker van ons lewenslot. Elke dag is gawe uit sy hand. **Dr Johan van Staden**, nuwe redakteur van *Die Hervormer*, benadruk dat 'n aangename leeservaring vir elkeen die redaksie se hoofmerk is. In hierdie strewe word *Die Hervormer* as amptelike mondstuk van die NHKA in 2023 gelei deur die missie van die Kerk, naamlik om werklik Kerk van Christus te wees deur te fokus op viering, gemeenskap, diens en getuieis. **Dr Wouter van Wyk** berig dat die Kommissie van die AKV tydens hul onlangse bosberaad twee belangrike besluite geneem het oor hul eie werksaamhede: Die Kommissie wil elke ring in die Kerk oor die volgende drie jaar persoonlik gaan besoek, en die Kommissie wil op hul kwartaallike vergaderings minder tyd aan administratiewe sake en meer tyd aan diepgaande besinning bestee. **Wietz Beukes** vertel die verhaal van die drie Afrikaanse susterskerke, en **SJ de Klerk** skryf oor interessante kerkgeboue in Suid-Afrika. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes gestuur.
- **Aan ons lesers wat *Die Hervormer* per pos ontvang.** Die oneffektiewe verspreiding van *Die Hervormer* via die Poskantoor moet ongelukkig nou gestaak word. Individue, gemeentes en instansies wat hul eksemplare tot en met die Januarie/Februarie 2023-uitgawe per pos (nie koerier nie) ontvang het, kan steeds die publikasie op die Kerk se webblad lees, by <https://nhka.org/die-hervormer/>. Belangstellendes wat 'n pdf-weergawe van *Die Hervormer* wil ontvang, kan hul e-posadres stuur na bladuitleg@nhk.co.za.

- **Gemeente Randburg se Gedenkblad vir die 75-jaar-herdenking (1947-2022)** is nou beskikbaar. Die Gedenkblad is 'n skatkis vol herinneringe en geskiedenis oor die afgelope 75 jaar heen uit die mond van mense wat hier is/was om die begin van alles te kon sien gebeur. Dit is opvallend hoeveel mense van letterlik reg oor die land en selfs oorsee met hierdie gemeente 'n besondere band gehad het. Heelwat lidmate vertel dat hul kinders hier gedoop is en dat dieselfde kinders teruggekom het om hier te trou en ook hul kinders hier te doop. Hierdie bundel is 'n samevatting van geskiedenis, staaltjies, statistieke en foto's waarmee ons aan die vorige en huidige lidmate iets wil teruggee vir hul bydrae om hierdie gemeente so 'n besondere plek te maak in almal se lewens. Die Gedenkblad is beskikbaar teen **R200 elk plus posgeld**. Kontak die administratiewe beambte, Elna van der Walt, by elna@nhk-randburg.co.za of 011 787 4983. **Bankbesonderhede:** Ned Herv Kerk Randburg; Nedbank Randburg; takkode 198405; rekeningnommer 198 425 1082.



Studentesake

- Die **WGGK (Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke; WCRC: World Communion of Reformed Churches)** bied vanjaar weer **internskappe** aan. Dit kan veral van waarde wees vir studente wat onlangs afstudeer het, maar nog nie 'n goeie werkseleentheid gekry het nie. **Die aansoeke sluit reeds Vrydag 10 Februarie.** Die internskap is vir 12 maande in Hannover, Duitsland, en begin in Junie of September 2023. Kandidate van 30 jaar of jonger moet predikante wees of in 'n Christelike omgewing werk. Die internskap word geborg deur die *Evangelische Mission Weltweit* (EMW), sowel as donasies van lidkerke, en dek feitlik alle uitgawes (insluitend reiskoste, verblyf, mediese versekering en 'n klein toelae). Daar word wel van die intern (of die ondersteunende kerk) verwag om sommige uitgawes te dra (binne hul vermoë). Gaan na <http://wcrc.ch/news/internship-applications-for-2023-invited> vir die inskrywingsvorm.
- Die **opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** vind op **Woensdag 15 Februarie om 10:00** by **Philadelphia** plaas. Die prediker is **dr Hein Delpont**, en **dr Annelie Botha** sal 'n referaat lewer oor *Morele verwonding: Oorsake en verskillende vorme daarvan, vanuit 'n pastorale perspektief*. **Dr Thinus van Staden** lewer sy groeteboodskap as voorsitter van die Kuratorium. 'n Vingerete word na afloop van die verrigtinge in die saal bedien. Almal is welkom en belangstellendes wat die geleentheid wil bywoon, moet by Clarika Hattingh by clarikah@nhk.co.za bevestig.
- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na stellenbosch@nhk.co.za vir meer inligting.
- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na nhkphiladelphia@gmail.com vir meer inligting.

'n Gedig

Gistraand

gistraand in jou arms
by die perdeskoen maan
pluk ons 'n klawer
met vier blare aan

vandag bly ek staan
op die werf by die blik
my hart agterdogtig
soos 'n hoender wat pik

aan een korrel 'n klip
wat skeur deur die hange
die liefde's niks anders
as die verlange

Ingrid Jonker

(Uit: *Rook en oker*, 1963)

Toerusting

- **Gratis Ouerbegeleidingskursus**
NHKA Centurion-Oos, Napierweg 103, Lyttleton
Tema: Hoe leer ek my kind waardes?
Gefokus op ouers van voorskoolse en laerskoolkinders
Kom luister, leer en gesels saam!
Voorsiening vir versorging van kinders gedurende aanbieding
Vir meer inligting, kontak Jaco Beyers by 083 417 5803
Woensdae 19:00 by die kerk: 8 en 15 Februarie, en 1 Maart
- **Die Dameskring** is 'n Christelike organisasie wat die belangrikheid van kerngesonde gesinne verstaan. Die beste manier om te begin bou aan gesonde gesinne, is op ons knieë. Sedert 2019 word 'n **Biddag vir Gesinne** jaarliks aangebied as een van die nasionale projekte van Die Dameskring. Hulle sou graag die Christengemeenskap in Suid-Afrika wou inspireer om weer in 2023 saam te kom om by 'n spesiale geleentheid te bid vir kerngesonde gesinne wat geestelike en morele waardes uitleef. Hulle droom daarvan dat hierdie geleentheid jaarliks deel van gemeentekalenders sal word. Die Biddag vir Gesinne, geïnisieer deur die uitvoerende bestuur van Die Dameskring, vind plaas op **14 Mei 2023**. Op 14 Mei wil hulle saam met gesinne kniel om te bid vir eie gesinne, vir die herstel van gesinswaardes, vir heling van gebroke gesinne, dat God ons kinders met wysheid sal seën om in uitdagende tye goeie besluite te neem, en vir die bewaring van die huwelik. Besoek www.dameskring.co.za vir meer oor Die Dameskring.

Barmhartigheid

- **NHSV Studieleningfonds.** Om te studeer, het baie voordele, maar is nie altyd vir almal bekostigbaar nie. Dit bring vir studente dikwels groot bekommernis en hartseer, en ouers voel dat hulle hul kinders teleurstel. Dit is waarom die NHSV deur middel van haar Studieleningfonds graag jongmense van die NHKA help om verder te studeer in enige studierigting. Leninghouers kan ook in aanmerking kom vir meriete- en prestasiebeurse. In 2022 is 36 toekennings gemaak met 'n gesamentlike waarde van R378 000. **Aansoeke vir 2023 het reeds gesluit** en 39 aansoeke is ontvang. Om die Fonds te sterk, het die Kommissie van die AKV bepaal dat **Sondag 12 Februarie se dankoffers** aan die NHSV toegestaan moet word vir die aanvulling van die NHSV Studieleningfonds. Baie dankie aan al die gemeentes van die Kerk wat hul deurkollekte van 2022 en ook in vorige jare oorbetal het aan hierdie Fonds. Elke bydrae word opreg waardeer en verseker dat daar nog 'n paar jongmense gehelp kan word om 'n beter toekoms binne te gaan. Kom ons help ons Kerk se jongmense om as studente hul oog op die toekoms te kan hou, terwyl hulle met vreugde in die oomblik van elke dag teenwoordig is. Hulle het nog baie om te leer en baie om te vermag. Besoek gerus die NHSV se webblad www.nhsv.org.za vir meer inligting. Oorbetalings kan gedoen word deur die volgende besonderhede te gebruik: NHSV Hoofbestuur; ABSA tjekrekening 4051454181; verwysing: Gemeentenaam + Deurkollekte.
- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen.
Semiversorgend: R6 180
Verswakte bejaardes: R6 720
Woonstelle (selfversorgend)
Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830
Eenslaapkamer: R4 500
Tweeslaapkamer: R6 070
Kontak ons bestuurder vir enige navrae
Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 manager@belfastrusoord.co.za
- **Athalia Uitrek in Bloemfontein**
Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede
Enkel- en deulkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer

Verblyf met 3 etes ingesluit
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
24-uur-versorging onderhandelbaar
(maksimum R8 000 per maand deelkamer)
Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
navrae@athalia.co.za
www.athalia.co.za

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
Eenslaapkamer: R515 000
1½-slaapkamer: R520 000
Tweeslaapkamer: R560 000
Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf nodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

Kommentaar

“Dit was vir my 'n wonderlike voorreg om vanoggend die boodskap van dr Daan van Wyk (sr) te lees (*Blitspos*, 2 Februarie 2023). Baie dankie, dr Daan, dit is tydige waarwoorde. Hoe wonderlik sou dit nie gewees het nie as meer mense dit kon gelees het. Kom ons elkeen wat dit wel gelees het, gebruik die voordeel wat die nuwe tegnologie ons bied om die boodskap uit te dra. Dr Daan, dit is my bede dat ons Hemelse Vader u nog lank sal spaar en dat u stem in die Kerk nog gereeld gehoor sal word.” (Mias Steyn)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir verhoudings

Hemelse Vader,
ek weet hoe belangrik mense en verhoudings
vir U is.

Een van die grootste opdragte wat U vir ons gegee het,
is om mekaar lief te hê.
Dit is vir U aangenaam en goed.

Heer, ek bid vir genesing
in al die verhoudings in my lewe waar daar verwonding is.
Waar vertroue verbreek is, mag die vertroue herstel word.
Waar daar onversoenlikheid is, mag daar vergifnis kom.
Mag daar oorfloedige liefde wees
waar daar vroeër twyfel en wanhoop was.

In sommige verhoudings is dit moeilik of u opdrag na te kom.
Soms is dit byna onmoontlik om iemand lief te hê.
Ek vra vir buitengewone krag in u Naam,
sodat ek kan liefhê soos U van my vra.

Deur u liefde en mag,
help my om elke gebroke verhouding in my lewe te herstel.

Ek bid vir groter welwillendheid, deernis en geduld
met al die mense in my lewe.
Seën my verhoudings –
met my lewensmaat, my kinders, my ouers,
vriende en kollegas.
Help my om bedagsaam en simpatiek te wees
met elkeen wat my pad kruis.

Ek vra dit in Jesus se Naam.
Amen.

The Wateringwell
za.pinterest.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)